

27 April

Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10

Fokusgedeelte: Jakobus 4:3

HK, Vraag 117

### Bid soos die Here dit wil hê

Ons dink vandag saam oor enkele vereistes wat die Here vir ons gee oor die egte gebed. Eerstens moet ons ons gebede net tot die ware God rig. Praat vandag in jou gebede net met die enigste ware God: Vader, Seun en Heilige Gees. Hy is die God wat Hom aan ons openbaar in sy Woord. Hy is die God wat lewe en wat regeer van ewigheid en tot in ewigheid. Hy wil hê dat jy tot Hom nader. Dit is hartseer dat baie mense afgode, selfs die duiwel en sy bese geeste, aanroep en vertrou.

Tweedens is 'n gebed nie vanselfsprekend reg nie. Om reg te kan bid moet ons die Woord van die Here ken en bid vir dit wat binne die wil van die Here is. Die gelowiges aan wie Jakobus sy brief gerig het, het verkeerd gebid. Hulle gebed was nie op God gerig nie, maar om allerhande selfsugtige begeertes te bevredig. Hulle het die Here se hulp gevra om hulle verkeerde begeertes te kon bevredig. Hoe meer ons ons verdiep in die Here se Woord, hoe meer diepte sal daar in ons gebede wees.

Verder moet ons vol nederigheid met die Here praat. Ware gebed is nie om die Here in 'n bepaalde rigting te dwing of om aan Hom bevele te gee nie. Met harte vol nederigheid wat ons eie sondigheid, kleinheid en swakheid besef moet ons tot Hom nader. Steeds moet ons in ons gebede ons berus by sy wil wat soewerein is en ons in nederigheid aan sy wil onderwerp. Wanneer ons vol nederigheid volgens sy wil tot Hom bid het ons die heerlike troos dat Hy ons gebede verhoor. Dit beteken nie altyd dat ons presies kry wat ons vra nie, maar tog verhoor Hy ons met dit wat tot ons beswil dien.

*Sing: Psalm 138:1, 2*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~